

# St. Barlaam

## 19 November

(sterf c.304)

Hy was ‘n bekende en beminde heilige in die Vroeë Kerk. Volgens oorlewering was hy ’n ongeletterde Christen kleinboer wat tydens die vervolgings onder keiser Diocletianus in Antiogië gevange geneem is. Hy is gegesel en gefolter maar het geweier om sy Christelike geloof prys te gee. Die regter voor wie hy gebring is, het toe beveel dat wierook in sy handpalm geplaas word en hy voor die plaaslike afgodsbeeld gebring word met sy hand oor die vuur sodat dit vir die skare sou voorkom, wanneer hy sy handpalm vanweë die pyn oopmaak, dat hy sy geloof afgesweer het en die voorgeskrewe wierookoffer aan die heidense afgod bring. Ten spyte van die verskriklike pyn het Barlaam egter nie sy handpalm oopgemaak nie en het die soldate sy hand al hoe nader aan die vlamme gebring totdat dit heeltemal verskroei was (sonder dat hy die wierookkorrels laat uitval het). Die woedende regter het hom toe om die lewe laat bring

© Die Oratorium Uitgewery